Baie welkom by Wapadrant!

'n Gereformeerde kerk in Suid-Afrika

Fokus: Vier die lewe in Christus

DATUM: 11 MEI 2014

Eredienste:

08:30 **Sloet Grové**
Teks: Job 28
Tema: Wysheid

10:00: **Sloet Grové**
Teks: Job 28
Tema: Wysheid

10:00 Eng: **Jaco Kruger**
Teks: Philippians 2: 5 - 11
Tema: "V" is for Victory!

12:30 Sizanani: Jaco Kruger
Teks: Philippians 2: 5 - 11
Tema: "V" is for Victory!

18:30 **Peet Vermeulen**
Teks: Jesaja 53
Tema: Hierdie is dalk nie vir sensitiewe kykers nie maar 'n groot aanwins vir jou geloof

Predikante preekbeurte:

	Kontemp 08:30	*Klassiek 10:00*	*Eng 10:00*	*Sizan 12:30*	*Str Kafee 18:30*
18 Mei	Wilhelm	Jaco	Malwande	Johannes	Peet
25 Mei	Wilhelm	Jaco	Paul Kruger HM		Peet
1 Junie	Rassie	Peet	Rev Mogale	Johannes	Wilhelm

*Die herwinning van plastiekkoeldrankbottels vir die ligprojek, was baie suksesvol. As jy kan help met silikoon om die projek af te handel, sal dit baie waardeer word. Plaas dit asb in die houtboks gemerk "**Lightproject**" in die saal.*

LIEF EN LEED ...

BID ASSEBLIEF SAAM VIR:

- Sarel Venter (0787059317) wat katarakoperasies en lensoorplantings aan albei oë ondergaan het.
- Kattie Heslinga (0764128535) wie se skoondogter ernstige brandwonde opgedoen het nadat 'n stoompot ontplof het.
- Berdine Terblanche (0824444168) wat 'n rugoperasie ondergaan het en in Faerie Glen Hospitaal is.
- Telecia van der Merwe (0824327645) wat 'n rugoperasie ondergaan het en in Pretoria-Oos Hospitaal is.
- Peet Pelser (0823126333) wat ernstige beserings opgedoen het in 'n motor-ongeluk. Hy is in Muelmed Hospitaal.

BAIE GELUK AAN ...

- Paul & Marzanne Roos (0726620303) met die geboorte van hul babaseuntjie Marko. Paul & Phillazie Roos (0828183364) is die trotse grootouers.

ADORAMUS DIENS
Donderdag 15 Mei
19:30 in die kapel

KLEINGROEPE OM SONDAE BY KAFé KOINONIA TE HELP

Ons wil graag 'n paar kleingroepe saamstel wat Sondae oggende sal help by Kafé Koinonia. 'n Koffiemeester gaan koffie maak en hulp verleen in die kombuis. Daar word ook gebruik gemaak van 3-4 hulpbehoewende persone wat help met die opwas. Kontak asb die kerkkantoor as jy hiermee kan help by 012 991-5623 of admin@gkwapadrant.co.za. Ons het nog baie min reaksie gekry en vra lidmate om tog ernstig oor hierdie dienswerk na te dink om daarby betrokke te raak.

RYBEURTE NA PAUL JUNGNICKELHUIS

As jy enigsins kan help om ons lidmate by Paul Jungnickel Huis te gaan haal met die kerk se kombi om die 8:30 erediens by te woon en hulle weer terug te neem, sal dit baie waardeer word. Kontak asb die kerkkantoor by 012 991-5623 of epos admin@gkwapadrant.co.za vir enige navrae.

GESAMENTLIKE EREDIENS EN GEMEENTE-ETE 8 JUNIE

Gesamentlike erediens 09:00.
Gesellige samesyn vanaf 11:00 en ete om 12:00.
Koste is R120 vir volwassens en hoërskoolleerders en R50 vir laerskoolleerders. Voorskool kinders is gratis.
Spyskaart is soos volg:
Karoolam en hoender
Aartappels met knoffel en roosmaryn
Waatlemoen en fetakaas
Gemengde Griekse slaai
Knoffelbrood
Eetgerei word voorsien maar bring eie drinkgoed en glase.
Besprekings per kontant in saal tussen twee oggenddienste.
Besprekings sluit 1 Junie sodat getalle bepaal kan word vir voorbereiding van kos.

Ter approbasie as Herder Ouderling word die volgende lidmaat aan die gemeente voorgehou:
André Bode

BEDIENINGE / GEBEURE

MOEDERSKAMER: Slegs ma's met babas tot 1 jr oud
KONSISTORIE: Babas (1 & 2 jaar) en ouers
KLEUTERKERK: (3 - 6 jariges) Kom bymekaar in die Jeuglokaal.

Laerskool kleingroepe om 9:00
Gr 1 - 6: Kom bymekaar in hul onderskeie klasse.

Hoërskool kleingroepe om 17:30
Gr 7-12: Kom bymekaar in hul onderskeie klasse

- **Onderlinge Geloofsverryking:** Seniors kom Dinsdae om 9:00 bymekaar in die konsistorie. Wilhelm gaan praat oor Rigters 8.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdae 9:00 in lokaal 9.
- **Gebed:** Sondagoggende 9:45 in die Gebedskamer. Kontak Jan Tollig by 082 331 2756 vir navrae.
- **Pakhuis:** Registreer jou projek of as jyself voedselnood het, kom kry kos op Maandae & Woensdae tussen 17:00 - 18:00. Navrae by Frikkie Venter by 079 763 5734.
- **Bybels in kerkbanke:** Vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand. Besoek die "Neem en Deel" boekrak in die saal waar volle besonderhede beskikbaar is oor hoe die projek werk.
- **Donasies vir Uitreikprojekte kan so gemaak word:**

SUNRISE: Absa rek nr 4080276489, takkode 632005.
Verw: Naam en Van en Sunrise NPC.

BURUNDI: FNB rek nr 62271127485, takkode 252445.
Verw: Naam en Van.

TOPIA: Absa rek nr 9114552477 takkode 632005.
Verw: Naam en Van.

KRUIK: FNB rek nr 62270250477, takkode 252445.
Verw: Naam en Van.

HAMMANSKRAAL: Kontak Anlia du Plessis by 012 991 4907
THEMBALETHU: Kontak Riaan Roodt by 083 281 0662